Kollekte gaan by die deure vir **Kerkkas** en volgende week vir **Ekumenisiteit-Londonjeug.**
Verlede week se kollekte was **DVB. R3685** en **Teo.skool Publikasies R 1828**

Kerkkhuis

Die werk aan die kerkhuis, wat ingerig word vir gebruik deur die jeug en katkisasie, is volstoom aan die gang. Die begroting is egter beperk, en ons sou graag nog ’n paar ander dinge wou doen – soos skuifdeure by die garage, wat nou omskep word in ’n ontspanningskamer vir die jeug. Almal is welkom om te kom kyk – daar is nou ’n pragtige kamer in wording vir die kinderkerk. As iemand dalk donasies wil maak, kontak met Erica Buma (082 888 6862).

Op die Program:

Maandag:
Dinsdag: Bybelstudie 6:30
Woensdag: 20-Something
Kleingroep 19:00
Donderdag: Gebedsgroep 19:30
Vrydag:

Speelgoed

Actonville wyk het nou ook tydens hul diens ‘n speelgroep. As u enige speelgoed het om die kleintjies besig te hou sal dit waardeer word as u dit kan afstaan. Dit kan in die voorportaal gelaat word.
Baie dankie. Wyk 16

Polsslag inligting

Inligting wat in die Polsslag geplaas moet word, moet asb. voor Donderdagmiddag 12:00 vm. Na polsslag@gkbenoni.co.za gestuur word. Inligting kan ook direk aan Gusta gestuur word na 083 383 2605 of faks na 011 849 6063

KOMBERS PROJEK GR 8 & 9

Bring asb baie komberse en geld en klere vir kinders 2jr-15jr. Ons sal met die geld benodigdhede aankoop en dit dan uitdeel by Nyeleti kinderhuis in Putfontein en ook vir mense op straat. Op Sondag 18e Julie wil ons DV na die kinderhuis gaan. Ons beplan om 08:30 by ons kerk bymekaar te kom en na Putfontein te ry, daar saam kerkhou en vir hulle koek neem. Jammer vir diegene wat uitgesien het na die koekverkoping, ons gaan die koek nie meer by die kerk verkoop nie, maar vir hulle neem. Almal wat wil is welkom om saam te kom.
Baie dankie, die gr 8 & 9’s

BANKBESONDERHEDE VIR BYDRAES
Alle bydraes kan in die onderstaande rekening inbetaal word. **Merk duidelik by besonderhede u volle naam en doel**. Daar is baie lidmate met dieselfde voorletters en van. **Volle name asb**. Lidmate word aangemoedig om van die aftrekorder-sisteem gebruik te maak. U bydrae word dan outomaties op die 1ste van elke maand van u rekening verhaal.

Gereformeerde Kerk Benoni
Absa Bank
Tiek nr. 220 340 333

Diakonie

Die diakonie benodig ‘n TV vir ‘n behoeftige gesin met ‘n klein seuntjie. Indien u ‘n ou TV het wat u nie gebruik nie kan u asseblief vir Hettie Viljoen by 083 628 9508 skakel.

DIAKONIE SE BARMHARTIGHEIDSDIENS:
Dink ons altyd in ons gebede, en in ons kollektebydraes, aan die diakens? ’n Besondere deel van die diakonie se werk behels die versorging van behoeftige lidmate in ons gemeente (barmhartigheidsdiens), en vir hierdie doel is die diakens se maandelikse uitgawes nogal aansienlik, en dikwels oorskry dit die inkomstes, met die gevolg dat die reserwes van die diakonie stelselmatig uitgeput raak. ’n Vriendelike beroep dus op elke lidmaat om erns te maak met die diens van barmhartigheid (die kollekte tydens die erediens), maar ook om die moontlikheid te oorweeg om verdere bydraes aan die diakonie te maak by wyse van direkte inbetalings in hulle bankrekening. Die besonderhede daarvoor is:

ABSA Bank
Naam van rekening: Diakonie Gereformeerde Kerk Benoni
Rekeningnommer: 220 280 004 (tjekrekening)
Takkode: 630 242 (Benoni)

Kennisgewingborde

Op die kennisgewingborde is daar inligting oor verskillende werkgeleenthede en ook werksoekers van ons gemeente, en ook algemene inligting. Gaan gerus die inligting na op die verskeie borde buite.

DEPRESSIEGROEP:
Die Depressie ondersteuningsgroep kom weer bymekaar Maandag, 5 Julie, om 19:00 aan huis van Giel en Riana de Bruyn, Bertramstraat 8, Rynfield. Enigeen is welkom om aan te sluit en in te skakel.

· **ACTONVILLE FUNKSIE:**
Actonville-wyk beplan om ’n groot fondsinsamelingsprojek te loods vir die aankoop van musiektoerusting, ’n beter luidsprekerstelsel en om die wyk ook te aktiveer tot deelname en betrokkenheid. Die projek gaan die vorm aanneem van ’n konsert/opvoering in ons kerkgebou waarby verskeie bekendes ook betrokke gaan wees, waaronder Christo Davids (Errol) en Theodore Jantjies (Xander) van 7de Laan. Duncan Geldenhuys, 'n musiekstudent aan die NWU, het ingewillig om te help om wyk 16 - Actonville, af te rig met die oog op deelname tydens die aand. Romeo Du Toit, 'n kunstenaar-sanger van die Weskaap, sal ook tydens die geleentheid optree. Die datum van die geleentheid sal so gou dit beskikbaar is, deurgegee word

Notas Oggenddiens 9:00	Notas Eietydsediens 17:00	Notas Aanddiens 18:30
Lees: Lk 4: 14 – 30 **Teks**: Lk 4: 18 – 19 **Tema:** Bedien jy die Evangelie van verlossing?	**Lees:** Matt. 25:14 - 30 **Teks**: Hele gedeelte **Tema:** Is jy 'n goeie rentmeester?	**Lees:** 2 Tss 2: 13 – 17 **Teks:** 2 Tss 2: 13b **Tema:** Die paradoks van die geloof. **Belydenis**: HK So 7



Gautreinrit
kontak Herman

Bring 'n kombers vir die wat nie het nie

Dopper Jeug

Veels geluk:
Baie geluk aan al ons maats wat in hierdie week verjaar.

5 Jul JOANIE DU PREEZ 011 425 2902
5 Jul EBEN KRUGER
8 Jul EDUARD BAKKER 011 425 3029
8 Jul WIAN SMIT

POLSSLAG

Gereformeerde Kerk Benoni
Miles Sharpstraat 24b
Rynfield, Benoni
www.gkbenoni.co.za
polsslag@gkbenoni.co.za

4 Julie 2010

Welkom:
Hartlik welkom aan al die gaste en besoekers, wat vandag se erediens bywoon. Indien u 'n nuwe intrekker is, meld asb. by een van die predikante, Braam Krüger of Sarel v.d.Walt aan, of kontak vir Ina Bolt (084 993 1136) of Gusta Botes (083 383 2605)

Dienstye:
Oggenddiens: 09:00
Eietydsediens: 17:00
Aanddiens: 18:30
Diensbeurte:
Hierdie week: wyke 6,7,8,9
Volgende week: wyke 10,11,12,13

Verjaarsdae

Baie geluk aan almal wat in die komende week verjaar.

5 Jul GRETHA BOLT 0820459786
5 Jul HANNALIE BRITS 0832603601
*6 Jul JAAP BOOYSEN 0828530820
*6 Jul HANSIE STEYN 0826738774
7 Jul MARTIE STIGLINGH 0827086518
7 Jul CORRIE VAN DEN BERG 0737931112
8 Jul MARIKA YSSEL 0836599459
9 Jul FRANS MULLER 0824740302
9 Jul Ds. DICK STEYN 082 462 8073
9 Jul JAAP VAN DER WALT
10 Jul INÉZ BOOYSEN
10 Jul SCHALK VENTER 0827864527

.

Lief en Leed.

Ons bid die volgende lidmate sterkte, krag en genade toe.

Tannie **Susan Lubbe** verswak nou met die ouderdom. Sy is in Johannesburg Algemene Hospitaal se Folateng gedeelte. Daar word aansoek gedoen by Rynpark om haar daar in die verswakte bejaardesorg op te neem.

Die 7de Julie ondergaan **Marie-Ann Billing** (083 448 5276) 'n oogoperasie.

Tannie **Jaco Sparrius** is verlede Sondag in Linmed opgeneem vir behandeling. Ons is dankbaar vir die beterskap.

Tydens die erediens vanoggend word die sakrament van die Heilige Doop bedien aan **Lente van Krieken**, dogtertjie van **Chris en Sanette** Byvoorbaat baie geluk!

Dr. Braam Krüger – 011 849 9253 – 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za
Dr Sarel v.d. Walt – 082 920 1601 – sarel@gkbenoni.co.za
Herman Kloppers – 073 408 2226 – herman@gkbenoni.co.za